Berge

"Daar is nie een ding in die natuur wat nie wonderbaar is nie"
- Aristoteles

Doelwit: *Om die Verkenner bewus te maak van die skepping om hom, en hom op te skerp ten opsigte van die geskiedenis van sy volk en die waardering en bewaring van sy land.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC:

Hierdie spesialisasie spreek al drie aspekte van die ABC aan. Deur die aanbieding van die kenteken raak die Verkenner opnuut weer daarvan bewus dat ons die Here op twee maniere kan leer ken, naamlik deur Sy Woord en deur die natuur. Beide mediums word in die aanbieding van die kursus gebruik. Die kennis wat aangaande berge opgedoen word, word direk in verband gebring met die Verkenner se onmiddelike omgewing en die relevansie daarvan met betrekking tot sy land en volk se geskiedenis en toekoms.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	4 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie hoef nie aaneenlopend aangebied te word nie. • 'n Bergpiek moet uitgeklim en 'n diens daar gelewer word. • 'n Werkstuk moet ingehandig word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. **Agt** *berge identifiseer wat in die Bybel genoem word. Berge moet uit die Ou- en Nuwe-Testamentiese tyd geneem word.*
2. *Die* **drie** *hoogste pieke in sy omgewing of provinsie kan identifiseer, aandui waar en in watter bergreeks hulle voorkom, asook die hoogte bo seespieël.*
3. **Twintig** *van Suid-Afrika se bekendste berge ken (waarvan ten minste tien 'n rol in die Afrikaner se geskiedenis gespeel het) en die volgende aandui:*
   - *3.1 Waar hulle voorkom.*
   - *3.2 Enkele besonderhede oor elkeen.*
   - *3.3 'n Kort paragraaf skryf wat die gebeure by elk weergee.*
4. **Tien** *Afrikaanse spreekwoorde neerskryf wat met berge te doen het en die betekenis daarvan verduidelik.*
5. *By* **een** *van die pieke kom en die volgende doen:*
   - *5.1 'n Kort werkstuk inhandig oor die plantegroei op die piek – veral moet aangedui word hoedanig die plantegroei verander namate die hoogte bo seespieël toeneem.*
   - *5.2 Diens lewer op die piek, bv. paadjies oopkap, erosie bekamp, bakens of rigtingwysers aanbring, ensovoorts.*

WENKE

- *Gedeeltes oor die berge in die Bybel kan by wyse van Bybelstudie gebruik word by 'n kamp of oor 'n tydperk vir opening tydens spanvergaderings*
- *Foto's van die berge is 'n aanbeveling.*
- *Die toetsoffisier moet homself vergewis dat die dienslewering gewig dra en bevredigend uitgevoer is.*